

DROOGTE

GOEIE VOEDING BEPAAL WINS

IN groot dele van die binneland is natuurlike weiding tans skaars. Daar is nie veel vooruitsigte dat weidingstoestande in die laaste deel van die somer en die daaropvolgende winter gaan verbeter nie. Lae grondwatervlakke gaan ook die produksie van vee op natuurlike weiding benadeel.

Goeie voeding is egter die grondslag van gesonde diere en goeie produksie, sê die Roovleisprodusente-organisasie. Prof. HO de Waal, veekundige aan die Universiteit van die Vrystaat, gee derhalwe riglyne om die ongunstige toestande te bestuur en vrektes te beperk:

- Maak seker die boerdery se kontantvloei word oordeelkundig gehandhaaf.
- Beskerm die kern-teeldiere. Dié diere moet ná die droogte inkomste verseker.
- Waar moontlik, voorsien strategiese byvoeding op die veld.
- Verminder die aantal vee wat afhanklik is van voerbronne op die plaas deur surplusdiere te verkoop of deur hulle tydelik van die veld te verwyder en in 'n kraal of op aangeplante weiding aan te hou.
- Beperk die beweging van vee deur hulle aan te hou in klein krale met skadubome of ander beskerming teen die elemente. Só kan die hoeveelheid voer wat die diere elke dag ontvang, beter beheer word.
- Maak seker dat alle diere vrye toegang tot drinkwater het.
- Skei die sterker en swakker diere van mekaar om mededinging by die voertrog te verminder.
- Voorkom dat maer diere weens swak voer-toestande só verswak dat hulle gaan lê.
- Diere moenie vir 'n lang tyd aaneen gevoer word nie. Beperk die voer na gelang van die vereiste produksievlakke, byvoorbeeld vir oorlewing, instandhouding van liggaamsgewig of laktasie.
- Moenie voer mors deur dit op die grond te gooi nie. Gebruik gepaste voertrôe of vervoerbande.
- Voorsien die gerantsoeneerde voer elke twee of derde dag. Die meeste diere sal genoeg voer inkry en dit verminder mededinging by die voertrog.

WAT KAN GEVOER WORD?

Vir herkouers is die basis van hul voer droëmateriaal, of dit in die veld of die voertrog is. Grofgemaalde droëmateriaal word altyd beter benut as materiaal wat nie gemaal is nie. Die energie-inhoud kan met byvoorbeeld gemaalde mielies verhoog en met 'n

gepaste ruproteïen gebalanseer word. Die inname van minerale word dan na gelang van die dier se behoeftes gebalanseer.

- Voerkorrels is gerieflik omdat dit maklik vervoer en hanteer kan word en minder gemors word, maar grofgemaalde, gebalanseerde droëmateriaal is voldoende om in diere se voerbehoeftes te voorsien.
- Beperk die daaglikse inname van sout by skape tot 5-10 g en by beeste tot 50-60 g.

'Ingeligte besluite skep geleenthede om die uitwerking van 'n droogte te beperk.'

AANVULLENDE VOEDING (LEKKE)

Dit is belangrik om sommige vrae oor 'n aanvullende voedingsprogram te beantwoord:

- Wat is die doel van die aanvulling? Moet proteïen of energie, 'n samestelling van proteïen en energie, of minerale aangevul word? Moet diere se kondisie verbeter word of moet laktasie ondersteun word? Diere in verskillende produksiefases benodig verskillende soorte en hoeveelhede strategiese aanvullings.
- Hoe kan die doelwit die beste behaal word? Is die minder produktiewe diere verwyder om weiding vir die oorblywende diere beskikbaar te stel? Dié opsie word steeds nie ten volle benut nie, en kan grootliks daartoe bydra om doeltreffendheid te verbeter en die koste van aanvullende voeding vir die res van die diere te verlaag.
- Kan vasgestel word of die doelwit bereik is? Die meeste goedbedoelde programme om diereprestasie te verbeter, misluk in dié verband omdat die aanbevole vlak van aanvulling selde behaal word. Die inname van aanvullings wissel en word onder meer beïnvloed deur voedingruimtes (aantal diere per trog), toegang tot trôe (oorheersing van diere), die vlak van aanvulling, asook hoe gereeld die trôe vol gemaak word.
- Tensy die voorsiening van aanvullende voeding bestuur word, gaan sommige diere te veel inneem, en ander weer te min.

- Diere moenie doelloos op die veld gevoer word nie.

- Diere kan matig gewig verloor (10-15%), maar dit moet oor 'n relatief lang tydperk en onderhewig aan 'n oordeelkundige voedingsbestuursproses geskied.

'n Wye reeks produkte is beskikbaar. Raadpleeg 'n professionele dierevoedingskundige vir advies oor die regte moontlikhede en produkte.

BESTUUR

De Waal sê die volgende algemene bestuursaspekte vir vee kan oorweeg word.

Bepaal so gou moontlik nadat die bul verwyder is of koeie en verse dragtig is (agt weke vir koeie en ses weke vir verse). Nie-dragtige diere moet geslag word.

Dié inligting, asook die dier se liggaamskondisie, kan gebruik word om te bepaal of daar koeie is wat voordeel kan trek uit vroeë speen en/of strategiese aanvullings, en of daar diere is wat verkoop moet word. Ingeligte besluite skep geleenthede om die uitwerking van 'n droogte te beperk.

Skaap- en bokproduksie kan bevoordeel word as lammers vroeg gespeen en in voerkrale afgerond word, omdat die ooie laer voerinstandhoudingsvlakke sal benodig.

SIKTES

Bestuursveranderinge kan aanpassings in die siektevoorkomingsprogram verg. Inenting is 'n eenvoudige prosedure, terwyl die proses om weerstandigheid by diere te skep wat proteïen nodig het om teenliggame te produseer, ingewikkelder is. Tydens droogtes en droë tye is die proteïeninhoud van die veld oor die algemeen laag.

Drastiese stappe, soos om diere in 'n kraal aan te hou, lei tot verhoogde stres en vatbaarheid vir siektes.

Die voorkoms van opportunistiese siektes kan verhoog, wat beteken dat inentings nodig sal wees.

Alle aanpassings in die boerdery se dieregesondheid- en siektebeheerprogram moet met 'n veearts bespreek word.

Diere se vitamienstatus moet geëvalueer en aangevul word. **LBW**

➤ NAVRAE: Prof. HO de Waal, e-pos: dewaallo@ufs.ac.za.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@fantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.